# voor op die wa vrae

LAURIKA RAUCH se nuwe CD, *My ou tante Koba*, het onlangs verskyn. Theunis Engelbrecht het probeer voor op die wa wees met haar.

**Wat is jou lelikste gewoonte?**
Ek kan soms erg territoriaal in my kombuis optree, maar ek dink ek word beter.
**Waarvoor gebruik jy pille?**
As ek siek is.
**Wat op TV maak jou naar?**
Baie geweld.
**Wat laat jou smelt?**
Rou talent.
**Wat jaag jou bloeddruk op?**
Spoed op ons paaie.
**Waarvoor het jy hare op jou tande nodig?**
Administrasie.
**Wat is een ding van jou wat niemand weet nie?**
Dat ek twee jaar nadat ek my studie voltooi het en lank voordat ek begin sing het langer as 'n jaar gewerk het as 'n aankoper van kinderslaapklere vir 'n bekende kettingwinkel.
**Wat is jou wildste fantasie?**
Dat ek en Chris, nadat ons miskien eendag afgetree het, 'n klein restaurant in die hart van 'n stad sal besit waar sê tagtig tot honderd mense 'n bobaas-sjef se geregte sal kan geniet en elke aand na lewendige musiek sal kan luister. Af en toe sal ek 'n verskyning maak as daar nie 'n ander kunstenaar optree nie, geselsies aanknoop en miskien 'n paar nostalgiese liedjies sing. O, en as ek verskyn, moet die mense eers wonder: gaan sy of gaan sy nie vanaand sing nie? Hê-hê . . .
**Wat is die heel stoutste ding wat jy in jou lewe gedoen het?**
Ek kan nie bepaal watter indiskresie die stoutste was nie omdat ek tot vandag toe nog nie die glyskaal waarop sulke indiskresies gemeet word, kan verstaan nie.
**Wat doen jy as jy 'n *kick* wil kry?**
Lees (outobiografieë, novelles, die tydskrif New Yorker) voor die kaggel, of kuier op ons bo-stoep. Werk (speel) in die tuin. Gaan kyk na 'n goeie *show* of fliek. Luister na nuwe CD's.
**Wat sou die titel van die boek wees as jy ooit 'n outobiografie sou skryf?**
*Nie as ek sing nie*. Ek en David Taljaard, my begeleier van daardie tyd, was in die jare negentig besig met 'n reeks vertonings in die After Dark-restaurant in Pretoria. Ek het 'n seer tand net voor die openingsaand ontwikkel, wat onophoudelike pyn veroorsaak het. Ek sou vir 'n hele paar dae nie by my tandarts kon uitkom nie en teen die tweede aand, net voordat ons op die verhoog moes gaan, het David gevra: "Pyn dit erg?" Ek het geantwoord: "Nie as ek sing nie."
**Noem die twee dinge wat jou die meeste irriteer.**
Swak diens. Toustaan.
**Beskryf jouself in twee woorde.**
Stil maar betrokke.
**Saam met watter drie Suid-Afrikaners sal jy alleen op 'n eiland gestrand wil wees?**
Alison. Mark Banks. Johann Symington – en hulle sal almal moet kan vuur maak sonder vuurhoutjies.
**Watter verslawings het jy al probeer oorwin?**
As die *Survivor*-reekse wys, is dit moeilik om my van die klein skermpie af weg te kry.
**Wat laat jou lag?**
My humorsin is maar aweregs, Gary Larson sal altyd 'n gunsteling bly en so ook John Vlismas en Nataniël se humor. Regte, goeie humoristiese joernalistiek.
**Wat laat jou huil?**
Mishandeling. Magteloosheid. Die afstand wat my bankbalans van 'n wegkomplekkie in die berge naby die see is.